IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I1.3 VOL.17 Pg. 778-796.

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1986-02-05

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

17

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

(IN CAMERA GETUIE

VOLUME 17

(Bladsye 778 - 796)

HOF HERVAT OP 5 FEBRUARIE 1986.

ABRAM SEKGOTO, nog onder eed (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : U het gister u getuienis afgesluit waar u vir die Hof gesê het wat die reaksie van die gehoor was op Esau se toespraak daar in die saal? -- Ja.

Wat het gebeur daarna? -- Ons is toe uit en het gemarsjeer in die straat.

Hoe het dit gekom dat u uit is? Is u op u eie uit? Is u versoek om uit te gaan? Is u op 'n sekere manier uit? -- Esau het gesê ons moet uitgaan en marsjeer.

As u praat van ons wat uitgegaan het, is dit nou almal in die saal? -- Dit is so.

En daar buite, het die mense onmiddellik begin marsjeer? Is daar mense opgestel hoe om te marsjeer of het hulle net spontaan begin loop of hoe het die ding gewerk? -- Dit was voorberei hoe ons gaan marsjeer daar buite.

HOF : Is almal in gelid opgestel? -- Ja.

MNR. FICK : Eerstens, wie het die mense in gelid opgestel? -- Esau, Simon Nkoli ... (Mnr. Fick kom tussenbei)

Beskuldigde nr. 13. -- Gcina en andere wat ek nie meer kan onthou nie.

Beskuldigde nr. 5. Waar is die mense opgestel? In die kerkperseel, in die straat of waar? -- Op die kerk se perseel.

En van die plakkate wat u gesien het die betrokke dag, die 3de, was daar van die plakkate uitgebring buite toe? -- Dit is so, ja.

U het vir die Hof gesê daar was plakkate met die bewoording "Kill Mahlatsi and brothers. Away with rent. Away with councillors." Was al die plakkate in die kerk uitgebring of net party? -- Baie van die plakkate is uitgeneem. Ek sal dus nie kan sê of hulle almal uitgeneem was nie.

Was daar nog ander plakkate behalwe hierdie wat nou genoem is? -- Dit is hierdie wat ek kan onthou waarvan ek melding gemaak het.

HOF : Is die plakkate met die woorde "Kill Mahlatsi and brothers" ook na buite gebring? -- Dit is so.

Ek wil nog iets vra oor die plakkate. Is die plakkate deur verskillende mense daar aangebring? Het elke man sy eie plakkaat gebring of was die plakkate deur een mens of groep mense gemaak en op 'n hoop daar gebring en toe uitgedeel? -- Ek sal nie in staat wees om vir die Hof te sê hoeveel daar gekom het nie, want toe ons daar gekom het, was die plakkate alreeds daar gewees.

MNR. FICK : Toe die plakkate nou uit die kerk uitgebring is, was daar aan sekere mense opdrag gegee om dit uit te bring of het die mense dit spontaan uitgebring? -- Die mense het op hulle eie die plakkate uitgevat.

Toe die plakkate nou buite kom, is daardie plakkate aan spesifieke mense gegee of het die mense wat dit gevat het dit maar gehou? -- Ek het nie gesien dat daar aan sekere mense die plakkate gegee word nie. Al wat ek gesien het, is dat die mense wat met die plakkate uitgekom het, het die plakkate by hulle gehou.

Die mense wat die plakkate nou by hulle gehad het, is hulle op enige plek in hierdie optog opgestel? Is hulle voor of agter opgestel of is daar niks vir hulle gesê nie en het hulle maar net gestaan waar hulle wil? -- Die mense het sommer op enige plekke daar gestaan.

Toe hierdie klomp nou opgestel is, hoe het die mars begin? -- Hoe dit begin het? Ek verstaan nie wat u daarby bedoel nie.

Het die mense sommer self begin loop? Het iemand gesê "Kyk, nou begin ons loop"? Het iemand gaan voor loop? --

/ Daar

Daar is sekere persone wat voor gaan staan het wat ek beskou as die leiers van die masjering daar.

Van die optog? -- Van die optog, ja.

Wie was dit? -- Die wat ek onthou wat die leiers was van die optog Simon Nkoli was een van hulle ... (Mnr. Fick kom tussenbei)

Beskuldigde nr. 13. -- Esau Raditsela, Oupa Hlomoka.

Beskuldigde nr. 2. -- En nog 'n ander groep van mense wat ek nie meer kan onthou wat hulle name is nie.

Is daar van hierdie groep wat u nie die name van kan onthou nie, in die hof vandag? -- Ja, van hulle is in die hof.

Kan jy hulle uitwys? -- Die man wat voor sit met 'n rooi das.

Beskuldigde nr. 8. -- Sam Matole was ook daar gewees.

Beskuldigde nr. 17. -- Dit is al mense wat daar was.

HOF : Is dit nou persone wat leiers was van die optog? -- Dit is so.

MNR. FICK : En uself, waar was u gewees? -- Simon Nkoli het aan my gesê dat ek die mense moet beheer aan die kante, dat hulle in die pad moet loop en nie op die sypaadjies nie.

Beskuldigde nr. 13. Op daardie stadium toe u begin loop het, hoe het die pad gelyk daar waar u begin loop het? Was dit oop gewees, was daar iets in die pad gewees of op die sypaadjies? Kon die verkeer ry, met ander woorde? -- Daar was geen voertuie wat daar beweeg het nie. Dit was net ons gewees.

Indien daar voertuie sou gewees het, kon hulle daar gery het? Was die pad vir hulle oop gewees om te ry? -- Nee, 'n voertuig sou nie daar deurgery het nie.

Wat sou die voertuig verhinder het om te ry? -- Ons sou die mense gewees het wat dit verhinder het, want ons was

die mense wat in die straat geloop het.

HOF : Was daar te veel mense? -- Ja, baie mense.

MNR . FICK : Die opmars het toe begin? -- Dit is so.

Wat was die toestand van die mense wat daar begin marsjeer het? Was hulle vrolik, was hulle opgewonde, was hulle stil? -- Ek sal sê ons was mense gewees wat ek kan beskryf dat ons toestand daar was gevaarlik gewees.

HOF : Hoekom sê u so? -- As gevolg van die instruksies wat ons vroeër daar gekry het, wat ons moet gaan doen, was ons so opgesweep gewees deur dit, dat ons gevoelens saam met die instruksies gegaan het.

MNR. FICK : Esau wat daar was, wat het hy aangehad? -- "Afro-shirt".

En die kleure? -- Green, yellow and black.

HOF : Is dit die AZAPO Afro-shirt? -- Nee, AZAPO het nie so een nie.

Die VCA een? -- Nee.

MNR. FICK : Weet u wie se kleure daardie is? -- Ja, uit my eie kennis weet ek wie se kleure dit is, watter organisasie dit is.

U kan maar sê? -- Dit is die ANC se kleure.

HOF : Hoe laat het die optog begin? -- Tussen 09h00 en 09h30.

MNR. FICK : Die mense het nou begin loop. In watter rigting het hulle gegaan? -- Ons het in die rigting van Gebied 7 begin stap, met die bedoeling om tussen Gebiede 12 en 11 verby te loop op pad na Houtkop toe.

U moet my reghelp. Van daar waar u begin stap het tot waar 'n mens by Houtkop kom, moet 'n mens deur die woongebied stap? -- Dit is so.

Terwyl die mense so stap, het hulle in doodse stilte gestap, was daar gesing, was daar geskreeu? -- Daar was 'n

geskreeu gewees van Amandla met vuiste op (soos aangedui word) en daar was 'n gesingery ook gewees.

Wat was gesing? -- Siyaya Epitoria was die bewoording van die lied.

Is dit reg as ek sê dit beteken "Ons gaan na Pretoria toe"? -- Ja.

Was daar nog ander liedere gesing? -- Ja, daar was, maar ek kan hulle nie meer onthou nie.

Die ander liedere, u sê u kan nie hulle bewoording onthou nie, was dit van dieselfde aard waarvan u vroeër gepraat het, vryheidsliedere of was dit ander tipe liedere?

MR BIZOS : My Learned Friend has from time to time led the witness. We have not objected, but this clearly is a leading question.

HOF : Wees net 'n bietjie versigtiger, mnr. Fick.

MNR. FICK : Die ander liedere, wat was die aard van die ander liedere? Was dit geestelike liedere?

MY BIZOS : My Learned Friend has not, with respect, responded to Your Lordship's request to be careful.

MNR. FICK : Met respek, ek het gevra of dit geestelike of ander liedere was.

COURT : I will ask a leading question. Was dit psalms en gesange? -- Dit was Freedom songs.

MNR. FICK : Toe die mense nou gestap het, was daar nog ander mense, toeskouers, of was die hele woongebied stil soos wat julle gestap het? -- Daar was toeskouers gewees.

Was daar van die marsjerende mense of groep enige reaksie ten opsigte van die toeskouers? -- Ja, van die mense wat op hulle persele gestaan het as toeskouers van die optog, was getrek van hulle persele om aan te sluit by die optog en van hulle was geroep om te kom aansluit by die mense wat besig

... / was

was met die optog.

HOF : As jy sê getrek, bedoel jy fisies gehaal? -- Ja, fisies.

MNR. FICK : Kyk, u was daar. U moet nou vir die Hof sê, almal wat getrek of geroep is om by die groep aan te sluit, was almal tevrede daarmee gewees om aan te sluit? -- Van hulle was nie tevrede gewees nie, maar indien hulle geweier het of teëgesit het, was daardie persoon geslaan, as gevolg waarvan 'n persoon net sou gaan omdat dit gedoen was.

Die mense wat hierdie toeskouers gaan haal het of geroep het, het hulle dit uit hulle eie gedoen of het hulle dit gedoen op instruksies of hoe het die ding gewerk? -- Die mense het aangesluit by die optog, omdat hulle fisies getrek was om aan te sluit.

Kom ek vra u weer. Die persone wat die mense gaan trek het en gaan roep het, weet u of hulle dit uit hulle eie gedoen het, of het hulle instruksies gekry om so te maak? -- Van hulle was instruksies gegee deur Esau Raditsela. Van hulle het op hulle eie dit gedoen om na die mense toe te gaan en hulle te trek om die optog by te woon.

U het vir die Hof gesê dat onder andere beskuldigdes nrs. 2, 8, 13 en 17 het voor geloop by hierdie groep? -- Dit is so.

Het u gesien of hulle sien wat hier aangaan, dat die mense getrek word? -- Ek is nie oortuig of hulle dit gesien het nie.

Die groep het toe gemarsjeer tot hulle by Gebied 11 gekom het? -- Ja.

Wat het daar gebeur? -- Die eerste voorval daar net toe ons by die kaartjieskantoor verbygaan van die VTC, het sekere persone die optoggroep verlaat. Hulle het toe die deur van daardie kaartjieskantoor gaan breek. Daaruit het hulle twee stoele gehaal, in die straat gebreek.

Uit u eie, weet u wat is nog in hierdie kaartjieskantoor wat daar uitgehaal kan word behalwe die stoele? -- Nee, dit was net die stoele gewees.

U sê 'n sekere groep van die mense. Hoe groot was die groep wat hierdie kaartjieskantoor se deur oopgebreek het en die stoele gebreek het? -- Dit was 'n groot klompie mense.

Wat was die reaksie van die ander mense wat gemarsjeer het oor hierdie voorval? -- Die slagwoorde van Amandla en die teken (soos aangedui word) van 'n vuis bo in die lug, was gedoen. Dit het eintlik vir hulle gemaak dat hulle bly was of 'n teken gewys dat hulle bly was vir wat daar gebeur het.

Wat het daarna gebeur?

HOF : Gaan u weg van hierdie voorval af?

MNR. FICK : Ek gaan weg van die voorval af.

HOF : Was beskuldigdes nrs. 2 en/of 8, 13 en 17 bewus van die voorval? -- Ek kan nie daaroor getuig nie.

En beskuldigde nr. 5, weet u of hy bewus was? -- Watter een is nr. 5 nou weer? Gcina?

Gcina Malindi? -- Nee, ek weet nie.

MNR. FICK : Kan ons net meer duidelikheid kry oor die plek. Het die optog gaan stilstaan toe die voorval by die kaartjieskantoor plaasgevind het of het hulle aangehou marsjeer? -- Hulle het aangegaan met die optog en verder aangestap, terwyl die klomp van hulle afgebreek het om hierdie voorval te gaan doen.

Hoe lank was hierdie optog nou, as u moet skat van die begin tot die einde? -- Dit was 'n baie lang optog gewees. Ek is nie in staat om vir u te sê hoeveel meter lank nie, maar ek skat dit ongeveer vanwaar ek staan in die getuiebank na iewers in die dorp van Delmas, die koopsentrum.

HOF : Is daar straatblokke? -- Waar? Waar die voorval plaasgevind het?

Waar die optog geloop het? -- Daar is iets wat 'n mens kan beskou as 'n blok, maar dit is nie dieselfde tipe straatblokke soos in die dorpsgebiede nie.

MNR. FICK : Kom ek vra u dan. Die groep wat na hierdie kaartjieskantoor toe gegaan het ... (Mr Bizos intervenes)

MR BIZOS : Could we, as strangers to this town, have some indication how far this is?

COURT : The centre of town is?

MR BIZOS : The centre of town is.

HOF: Kan ek net duidelikheid kry. Is dit tot in die middel van Delmas? -- Die dag toe ek hiernatoe gekom het, het ek gesien daar is 'n garage. Regoor die garage is Checkers, dan is daar 'n straat wat afdraai regs na hierdie hofgebou toe. Dit is die plek wat ek as 'n skatting gee vanwaar ek staan.

Sê maar van hier af Checkers toe? -- Ja.

MNR. FICK : Dit is ongeveer ; halwe kilometer.

COURT : Would you be satisfied with that?

MR BIZOS : We might pace it as an exercise.

COURT : Approximately half a kilo.

MNR. FICK : Die groep wat na hierdie kaartjieskantoor gegaan het en daar die plek beskadig het, waar het hulle uitgekom? Uit die beginpunt, die middelpunt, die agterpunt van die bewegendes of van oral? -- Ek sal sê omtrent in die middel van die optog in die omgewing waar ek ook was.

Wat het daarna gebeur na die groep hierdie plek beskadig het en die mense het aan marsjeer? -- Ek het daar gestaan en kyk na hierdie gebeure by die kantoor en terwyl ek so staan en kyk daar, het ek iemand gehoor skreeu "Daar is 'n hond." Ek kon nie sien of die persoon identifiseer wie dit was wat

dit gesê het nie.

Die persoon wat dit geskreeu het, laat ons net hoor, was hy deel van die opmars, was hy 'n persoon wat in een van die persele gestaan het, waar was hy? -- Die persoon was nie van die optog gewees nie, ook nie van die mense wat op hulle persele gestaan het as toeskouers nie, maar van 'n klompie mense wat in die straat op 'n hoek gestaan het in Zone 11. Dit is waar die persoon so geskreeu het.

Wat gebeur toe? -- Ons het toe almal gehaas na daardie plek toe.

Is dit nou die hele groep wat gemarsjeer het wat omgedraai en na daardie plek toe gehaas het? -- Nee, nie die hele optog nie, maar 'n goeie klomp van ons het soontoe gegaan.

HOF : Het jy dan nog nooit 'n hond gesien nie? -- Toe ek by die plek kom waar ek die hond moes gesien het, vind ek dat die mense besig was om dinge te breek daar. Dit wil sê die vensters se ruite en die mense sê "Dit is die hond se eiendom." Verwysende na die huis wat hulle besig was om te beskadig.

MNR. FICK : Hoe was hulle besig om die ruite te breek? -- Met klippe.

Wat het toe gebeur? -- Daarna het ek gehoor dat daar skote afgevuur word vanaf dieselfde huis wat met klippe bestook was.

Gaan aan? -- Toe die skote geklap het daar, het van die klomp wat in die nabyheid van die huis was, wat ek skat op omtrent 'n duisend of meer, dit is 'n rowwe skatting, het toe na 'n hoek toe gegaan van twee persele, dit wil sê die hoek van die betrokke perseel en die een langsaan, waar hulle die onheiningsdraad van onder af opgelig het. Toe dit so opgelig was, het ons toe toegang gekry tot die perseel wat bestook was.

Weet u wie se perseel daardie is? -- Op daardie stadium het ek nog nie geweet wie se huis dit was nie. Ek het eers later uitgevind wie se huis dit was.

Wie se huis was dit? — Dit is Caeser Motjeane se huis een van die raadslede.

Hoeveel het daar deurgegaan in daardie perseel in? Weet u ongeveer? — Watter perseel?

Caeser se perseel? — Ek weet nie hoëveel mense daar deurgekom het nie, want hulle het nie onmiddellik na die omheiningsdraad opgelig was, die perseel binnegegaan nie.

Wat het toe gebeur? — Terwyl die skote nog so afgevuur was van 'n persoon binne-in die bestookte huis of persone, het ek opgemerk dat een van die seuntjies daar 'n vyf liter plastiese houer by hom gehad het. Op die stadium het ons op die perseel gestaan van die huis langsaan die huis wat met klippe bestook was en hierdie seuntjie was ook op dieselfde perseel gewees as ons. Dit is die een met die plastiese houer. Die seuntjie het nog by hom 'n lang stok gehad wat hy besig was om met 'n lap toe te draai aan die een kant, dit wil sê die een punt van die stok. Na hy klaar was om die stok met hierdie lap toe te draai, het hy die kant wat hy toegedraai het in die houer ingesit. Toe hy dit uitgehaal het, het hy dit aan die brand gesteek met 'n vuurhoutjie wat hy getrek het. Op daardie stadium, die persoon of persone wat besig was om te vuur vanaf die huis, het alreeds opgehou. Die een wat die stok aan die brand gesteek het, het hierdie stok aan 'n ander persoon gegee terwyl die stok nog gebrand het. Die persoon aan wie die stok later oorhandig was, het toe deurgegaan op die perseel van die huis wat met klippe bestook was en hierdie stok deur die opening van gebreekte vensterruite ingedruk en daarmee die gordyne aan die brand gesteek. As

gevolg hiervan het die huis toe aan die brand geslaan.

Die seuntjie wat u van praat, die eerste een, hoe oud was hy? -- Ek weet nie wat die seuntjie se ouderdom is nie. Ek het nie opgelet en eintlik so goed na hom gekyk dat ek 'n skatting kan gee van sy ouderdom nie.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Maar was dit 'n kind of 'n jong man? -- Dit was 'n jong man.

MNR. FICK : Het jy hom geken? -- Van sien, ja.

En die tweede persoon? Het jy hom geken? -- Ek het nie daardie een geken nie.

Die gordyne brand nou en toe? -- Terwyl die gordyne nou aan die brand was, het die jong mannetjie met die houer ook die perseel binnegegaan. Dit is die perseel van die bestookte huis. Die persoon is in die garage in, waar 'n motorkar en 'n Kombi geparkeer was. Hy het toe die inhoud van hierdie houer oor hierdie voertuie gegooi. Daar was 'n bakkie ook gewees wat geparkeer was buite op die perseel van dieselfde huis. Dit het hy ook gegooi. Op daardie stadium was die mense besig om oor te klim of deur te klim vanaf die agterste staanplaas van hierdie huis om in hierdie perseel in te kom van die bestookte huis.

Die bakkie wat u sê wat daar in die erf gestaan het, wat het toe verder daarmee gebeur? Is hy net besprinkel of het hy ook gebrand? -- Ek kom nog by daardie punt. Dieselfde persoon wat die voertuie besprinkel het met die inhoud van daardie houer (die "bucket") het die voertuie aan die brand gesteek. (Die getuie dui aan dat die persoon 'n vuurhoutjie getrek het. Dit is met verwysing na die voertuie in die garage. Op hierdie stadium was daar toe baie mense op die perseel van hierdie huis. Ek het opgemerk dat hulle 'n persoon fisies trek uit die kombuisdeur uit. Hulle was so baie gewees dat

ek nie eers in staat was om te sien wie die persoon was wat fisies uit die kombuisdeur uitgetrek word nie. Hulle het die persoon getrek tot by die kant waar ons gestaan het waar ons onsself weggesteek het. Hulle het daardie persoon doodgemaak.

Hoe is hy doodgemaak? — Mense het daar klippe en ysters gehad. Enige ding wat 'n mens in die hande kon gekry het, het hulle daar gehad. Ek het een daar gesien met 'n "hunting knife", 'n "jungle knife". Die persoon het hierdie een daarmee gesteek. Dit is die draer van die jagmes het die ander persoon daarmee gesteek.

Gaan voort? — Daar was 'n groot samedromming van mense op daardie stadium gewees op die toneel. Die mense het daar tekens van blydskap getoon. (Die korrekte woord in Afrikaans weet ek nie wat dit is nie, maar in Engels is dit "They were ululating" in Sotho)

HOF : Ek dink dit is ululeer.

MNR. FICK : Gaan voort? — Ek het toe 'n algemene opmerking gemaak en gesê "Hierdie persoon moes eintlik nie op hierdie manier doodgegaan het nie. Een van die mense, dit is die aanvallers van die persoon wat daar gedood was, het toe as gevolg daarvan dat ek 'n opmerking gemaak het, aan my gesê "Jy moenie die persoon jammer kry nie, want jy kan moontlik ook volg," as gevolg waarvan ek toe weg is van daardie plek.

Nou wil ek by u vasstel, terwyl hierdie voorval nou aan die gang was, dat die huis aan die brand gesteek is en dat hierdie man uitgetrek is en daar gesteek is en geslaan is, die beskuldigdes wat u opgenoem het wat deel van die optog was 2, 5, 8, 13 en 17, het u enige van hulle opgemerk daar in die onmiddellike omgewing?

HOF : Net 'n oomblik. Waar is die getuienis dat beskuldigde nr. 5 deel van die optog was? Nr. 5 was by die saal. By die

optog was 2, 3, 13 en ek dink 17.

MR BIZOS : May I, with the greatest respect, suggest that a proper way of putting this question to this witness might well have been "Did you see any of the accused around" and not mention any numbers. To put a direct question of this nature in relation to an incident such as this, is clearly leading in my submission.

MNR. FICK : Het u enige van die beskuldigdes daar in die onmiddellike omgewing gesien? -- Ja. Op die perseel waar ek gestaan het, het ek twee van die beskuldigdes gesien wat op dieselfde perseel was.

Wie is hulle? -- Gcina Malindi en Simon Nkoli.

Nrs. 5 en 13. -- Daar is een van hulle wat ek gesien het wat 'n entjie ver was waar hy gesit het by 'n plek skuins regoor hierdie huis.

Wie was dit? -- Oupa Hlomoka.

Nr. 2. Het u enige van die ander beskuldigdes gesien? -- Nee, dit is net die drie wat ek daar gesien het, wat aan my bekend was.

Kom ons kom by beskuldigde nr. 5 en nr. 13, wat u op die perseel langsaan gesien het. Op watter stadium het u hulle daar gesien? -- Op die stadium wat daar gesukkel was om die persoon by die kombuisdeur uit te trek, het die twee beskuldigdes by die omheiningsdraad gestaan wat 'n grens is van die perseel vanwaar die persoon uitgetrek word en die persoon langsaan, dit wil sê waar ons gestaan het.

Wat was hulle besig om te doen? -- Nee, hulle het net daar gestaan. Hulle het niks gedoen nie.

Kan u vir die Hof sê waarnatoe het hulle gekyk? -- Hulle het gestaan en kyk na daardie huis waar hierdie voorval plaasgevind het.

Het u hulle daarna weer op dieselfde perseel gesien of is dit die enigste keer wat u hulle gesien het op die toneel? -- Ek het hulle laas gesien daar waar ek nou net beskrywe het.

U het laas vir die Hof gesê u het toe weggegaan.

HOF : Wat van beskuldigde nr. 2? Wat was hy besig om te doen?

MNR. FICK : Beskuldigde nr. 2, daar waar jy hom gesien het, wat was hy besig om te doen? -- Hy het op iets daar gesit met gevoude arms. Hy was nie besig om iets té doen nie of iets te sê nie.

In watter rigting het hy gekyk? -- In die rigting van die huis wat alreeds aan die brand was.

U sê vir die Hof u het toe daar weggegaan van die toneel na die opmerking wat u gemaak het en die antwoord wat u gekry het in verband met die manier waarop hierdie man dood is? -- Ja, dit is so.

Wat bedoel u daarmee u het weggegaan? Heeltemal weggegaan of wat bedoel u? -- Ek is net uit die perseel van daardie huis uit en toe gaan staan omtrent vier huise ver.

Wat het toe gebeur? -- Die groep het dan toe weggegaan en ons het verder aangegaan met die marsjering, terug na die hoofstraat toe, nog met die bedoeling om na Houtkop toe te gaan.

Hoe ver is die huis van Caeser van die hoofstraat af wat u nou na toe teruggegaan het? -- Dit is die straat net langsaan die hoofstraat wat parallel is met die hoofstraat.

Toe u nou weer teruggegaan het na die hoofstraat toe en verder gestap het, wat het geword van die ander mense van die mars? Was almal weer bymekaar gemaak of was daar 'n paar wat weg was of hoe het die ding gewerk? -- Ek kan nie daaroor getuig nie, maar al wat ek vir die Hof kan sê is dat dit nog 'n groot klomp mense was wat nog steeds daar marsjeer het.

Hierdie groep wat nou weer begin marsjeer het, was hulle ook opgestel eers of het die spul net sommer weer aan die loop gegaan? -- Dit was nie opgestel gewees nie. Ons het net begin stap.

Het u nog probeer reël dat die mense aan die kante moet stap en nie op die sypaadjies moet stap nie? -- Nee.

MR BIZOS : I am sorry, My Lord, we both missed the question.

HOF : Die vraag is of hy nog probeer reël het aan die optog het en sy antwoord is nee.

MNR. FICK : Het u op daardie stadium enige van die beskuldigdes tussen daardie mense opgemerk wat nou weer gemarsjeer het? -- Nee, ek het hulle nie meer daar gesien nie.

U stap toe nou Houtkop toe. Wat het gebeur? -- Ons is nou by die poskantoor verby. Van die mense in hierdie optog van ons wou die poskantoor met klippe bestook het. 'n Sekere persoon wat nie aan my bekend is nie, het op die stoep van die poskantoor gaan staan. Ek het die persoon gevolg en daar gaan staan. Ons het toe aan die mense gesê "Al die dinge wat julle soek is van die polisie, VTC, Administration Board en nie 'n poskantoor nie." Die mense moet aan ons briewe dink wat in die poskantoor op die oomblik is. Hulle het toe teruggekeer na die optog toe en ons het toe verder aangestap.

HOF: Julle het gesê "Al die dinge wat julle soek is van die polisie, die Admininistrasie, VTC." Net die drie? -- Ja, dit is waarvan ek daar melding gemaak het.

En die VTC staan vir Vaal Transport Corporation? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK : Wat het toe verder gebeur? -- Ons het toe aangegaan met die optog tot ons deur die polisie gekeer was in die nabyheid van Hunters Garage.

Wat het daar gebeur? -- Ons wou voortgegaan het, al het

die polisie daar gestaan om ons te keer. Daar was 'n lang groot voertuig met snaakse kleure, soortgelyk aan gekamoefleerde kleure.

Wat van die voertuig? -- Ek noem dit 'n voertuig, want dit het wiele, net soos normale voertuie. Die polisie het gebruik gemaak van daardie tipe voertuie waar hulle in ons pad gestaan het.

Het die mars toe aangegaan?-- Ja, ons het nog met die optog aangegaan en later het daar toe 'n helikopter gekom wat 'n "tear smoke" tussen ons gegooi het, as gevolg waarvan daar van die mense gevlug het. Daar het net 'n klein klompie mense agtergebly. Ek was een van daardie klomp wat nog verder wou aangegaan het met die optog. Hulle het toe na ons begin skiet, eers met "rubber bullets". Die twee mense wat naby my was, is toe geskiet met egte koeëls, as gevolg waarvan ek toe in 'n ander perseel ingegaan het naby my en myself daar gaan wegsteek het. Daarvandaan is ek toe na my neef se huis toe in Gebied 13. Ek is baie laat daar weg, want eintlik terwyl ek daar was, het ek toe aan die slaap geraak.

Het u enige van die beskuldigdes daardie dag weer later gesien? -- Behalwe dat ek iets gehoor het aangaande een van die beskuldigdes daardie dag, het ek hulle nie weer gesien nie.

En Esau het jy hom weer gesien daardie dag? -- Ja, op pad terug na Gebied 3 toe, het ek Esau in Gebied 8 gesien. Ek het hom nie eintlik gesien nie. Ek het net gehoor toe hy na my skreeu. Ek is toe na hom toe.

Hy het toe daar gepraat oor die dag se gebeure? -- Dit is so.

Toe het die polisie gekom? -- Ja, dit is korrek.

U hardloop toe weg? U en Esau? -- Nee, dit is Esau wat daar verdwyn het. In watter huis hy in is, weet ek nie,

maar ek het hom net uit die oog verloor.

Het u hom ooit weer daarna gesien? -- Tot vandag toe wat ek hier staan, het ek hom nie weer gesien nie.

Daar is net 'n paar aspekte wat ek met u wil opklaar. Die vergadering wat u van gepraat het van 9 Oktober 1983 toe die VCA gestig is, was daar enige dokumente op die vergadering beskikbaar gestel? -- Ja, daar was pamflette wat daar uitgedeel was.

Kan u net aan die Hof aandui wat se pamflette en van wie was dit? -- Ek kan nie meer onthou nie, behalwe dat ek natuurlik sê daar was pamflette.

Hierdie interim komitee wat u van gepraat het oor die VCA, het hy enduit funksioneer as die VCA of is daar op enige stadium ooit formeel 'n VCA gestig? -- Die laaste wat ek daarvan geweet het is dat die verkiesing van die interim komitee het bestaan. Daar was nooit weer 'n ander verkiesing gehou nie.

U het getuig oor die vergadering van 9 Oktober toe die VCA gestig is, 1983 en 27 November het u getuig daar het twee persone 'n toespraak gemaak daar, naamlik Elliot Shabangu en Curtis Nkondo en dan het u ook gepraat van dr. Motlana. -- Ja.

Hierdie mense, kan u aan die Hof aandui, was hulle voorgestel aan die gehoor voor hulle gepraat het? -- Ja, hulle was voorgestel.

Kan u onthou hoe hulle voorgestel was as wie en as wat? -- Byvoorbeeld in die geval van dr. Motlana. Hy was voorgestel as dr. Motlana van die Soweto Civic Association. Dieselfde geld vir die ander twee. 'n Persoon se naam is genoem en dan word hy bekend gemaak aan die mense as 'n lid van 'n sekere organisasie wat dan later genoem was by watter organisasie is hierdie persoon.

Kan u onthou hoe hierdie Elliot Shabangu en Curtis Nkondo voorgestel is of kan u nie meer die organisasies onthou nie? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

In verband met die voorval waaroor u getuig het in verband met die plastiese houer wat gebruik was daar by die huis van Caeser. Weet u waar daardie houer vandaan kom? -- Ek het nie geweet waarvandaan dit kom nie.

Terwyl die opmars aan die gang was hier van die kerk af, behalwe die plakkate, het u gesien of van die mense enigiets by hulle dra? -- Nee, dit is nie so nie. Ek het dit nie gesien nie.

MR BIZOS : My Lord, as hard as we may have tried until late last night to complete our preparation, we have not managed to do so, because certain material information is still being awaited. As reluctant as we are to ask Your Lordship for time to prepare for witnesses, the nature of this witness's evidence is such that certain matters which are - have been deposed to are not in the indictment and which we have had to check de novo, detail was given which was not either in the indictment or in the further particulars, which we will have to take specific instructions and although we tried very hard yesterday afternoon with the accused here and early this morning, we have not managed to complete it. It requires further instructions and correlation of the information before the cross-examination takes place. We would ask Your Lordship in the circumstances to adjourn until tomorrow morning when we believe that we will be in a position to cross-examine the witness.

HOF : Enige beswaar, mnr. Fick?

MNR. FICK : As My Geleerde Vriend nie nou kan aangaan nie, het die Staat ook 'n probleem. Ons het getuies hier wat vir

dae al hier sit, want ons weet nie hoe lank die kruisverhoor is nie en ons het op die oomblik net een getuie hier beskikbaar. Ons sal graag ook 'n paar oomblikke finaal met hom wil konsulteer voordat ons hom in die getuiebank sit. Ons het glad nie verwag dat ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ek het 'n reëling, ek sit nie 'n ander getuiebank intussen nie. Die punt wat u nou maak verval. Die vraag is of u 'n beswaar het dat die saak afstaan tot môre-oggend toe om mnr. Bizos 'n geleentheid te gee om sy voorbereiding te voltooi.

MNR. FICK : Die Staat het geen beswaar dat hy aangaan met sy voorbereiding nie. Ons wil net nie ander getuies op hierdie stadium in die getuiebank sit nie.

HOF : Niemand het gevra dat daar ander getuies in die getuiebank kom nie. Mr Bizos, could you give an indication of the possible length of your cross-examination to obviate witnesses sitting around here for days on end? Could we take it that you will fill up tomorrow and the day after?

MR BIZOS : On the basis that it is a short day the day after, the probabilities are that I shall fill them up.

COURT : The State can take note of that fact.

MR BIZOS : May I indicate that it would serve no purpose even if there was a witness available, because we actually need the time in order to prepare for the cross-examination.

WITNESS STANDS DOWN.

COURT ADJOURNS UNTIL 6 FEBRUARY 1986.

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

### PUBLISHER:

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### LEGAL NOTICES:

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### DOCUMENT DETAILS:

*Document ID:-* **AK2117-I1-3-17**
*Document Title:-* **Vol 17 p 778-796. Witness: Sekgoto**